LINDENNUUS

3 AUGUSTUS 2018

...meer as net `n skool

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Vrydag 3 Augustus	Skiet GSSU
Saterdag 4 Augustus	Skiet GSSU Rugby Virseker Kwartfinaal (o.15)
Maandag 6 Augustus	Landloop Vorentoe Aflos
Donderdag 9 Augustus	Langnaweek

"THE RIDE HOME" NA 'N WEDSTRYD…

Het u as ouer al ooit gewonder...

- Hoekom praat my kind nie met my na 'n wedstryd nie.
- Hoekom is my kind emosioneel na 'n wedstryd.
- Hoekom kry my kind beserings.
- Hoekom "quit" my kind onverwags.
- Hoekom wil my kind glad nie aan sport deelneem nie.

Om hierdie vrae en vele meer in u eie gemoed te beantwoord, nooi ons u as ouer uit na 'n gesprek met Janku Kotzè. Janku is 'n welbekende sportsielkundige en fokus op gesonde verhoudinge tussen ouer en kind op en van die sportveld.

Dinsdag 7 Augustus om 18:00 by Hoërskool Linden.

Ouers van omliggende laerskole is baie welkom om die geleentheid by te woon.

Navrae: les@linden.co.za
RSVP: bemarking@linden.co.za (voor 6 Augustus asb.)

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.



SPORT

Rugby

Hoërskool Linden se o.15-rugbyspan klop Hoërskool Secunda 14-12.

Dié span speel Saterdag 4 Augustus in die kwartfinaal van die Virseker-beker.

Die wedstryd skop om 9:00 af by Hoërskool Linden.

Dogtershokkie

Die dogters behaal puik uitslae by die finaal van die Pullen & Howell Trofee.
Die eerste span eindig in die sesde plek.
Die o.16's eindig in die vierde plek naas groot skole soos Garsfontein, Transvalia en Affies.

Welgedaan dogters!.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Fietsry

Lindeniete maak hulle debuut by die Spur Interskole-wedren. Baie geluk aan die volgende seuns:

- Carl Erasmus - 5de plek - sub junior
- Philip Stander - 29ste plek - sub junior
- Stephan de Souza - 40ste plek - sub junior
- Dandre Fouche - 54ste plek - junior men
- Dirk Bakkes - 67 ste plek - youth 16
- Jeandre Lourens - 63 ste plek - junior men

Skyfskiet

Die uitslae van die Lindenskuts by die 4e GSSU was as volg:

o.14
Chante Lubbe 1e
Kaylee Perkins 2e

o.16
Kyle Maritz 1e
Shellaine de Villiers 2e
Martin Prins 3e

o.21
Ronan van Vuuren 5e
Liza Keyter 63

Baie geluk aan dié skuts.

KULTUUR

Linden Klassiek

Die Linden Klassiek was 'n onvergeetlike aand wat net weer bevestig het dat Hoërskool Linden 'n skool vol talent is.



Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SOSIAAL

Wildsfees

Augustus is Wildsfeesmaand by Hoërskool Linden!

Op Saterdag 25 Augustus 2018 om 16:00 trek ons saam vir die grootste Lindenkuier van die jaar. Feesgangers kan hulle regmaak vir konkavure wat tot laataand sal brand, 'n kosmark en stalletjies met smaaklike etes en vermaak uit die boonste rakke vir die hele gesin. Die gaskunstenaar op vanjaar se fees is DIE HEUWELS FANTASTIES.

KAARTJIES:
- R150 per persoon vir volwassenes (kos uitgesluit)
- R100 per persoon vir kinders onder 12 jaar (kos uitgesluit).

Kaartjies kan op die volgende maniere bekom word:
- Koop by die leerders wat almal kaartjieboekies ontvang het.
- Koop by me. Alicia Taljaard in die finansieskantoor.
- Stuur 'n e-pos aan wildsfees@linden.co.za om elektroniese kaartjies te koop.
- Koop by die hekke op 25 Augustus 2018

INGANGE:
- Die feesingang is op die skool se rugbyveld.
- Die ingange open om 16:00.
- Beperkte parkering is op die B-rugbyveld en hokkieveld teen R20 per motor beskikbaar.

BRING DIE VOLGENDE SAAM:
- Eie stoel en drinkgoed.
- ‘n Koelsakfooi van R100 vir eie drinkgoed is betaalbaar by die ingange.
- Geen eie kos sal toegelaat word nie.

DIE VOLGENDE IS BESKIKBAAR OP DIE FEESTERREIN:
- Konkavure
- Kosmark met verskeie geregte (ongeveer R60 - R100 per gereg): ribbetjies en uieringe, lamspastei, hoenderpastei, bobotie en rys, sop en vetkoek, varkfilletwraps, kaasborde en biltong.
- Kosstalletjies: Rocomamas-burgers, roosterkoeke, melkkos, Chip 'n Dip, Chipstix, mini-doughnuts, pannekoek en koffie. (ongeveer R10 - R60 per item).
- Verskeidenheid springkastele.

PROGRAM OP DIE CHAS EVERITT VERHOOG:
- 20:00 Linden het Talent
- 21:00 Die Heuwels Fantasties

Navrae: Marianne Gouws - wildsfees@linden.co.za of 084 512 6613.

Wildsfeesskenkings

‘n Fees van hierdie gehalte kan egter nie suksesvol plaasvind sonder die hulp van ons ouers en gemeenskap nie. Om voorsiening te maak vir ‘n lekker warm en gesellige fees het ons hierdie jaar 40 ekstra konkas gemaak. Ons benodig egter nog die volgende items:
- Hout
- Blitz
- Riviersand (om onder die konkas te gooi).

Skakel asseblief met Marianne Gouws indien u met enige van die bogenoemde items kan help:
wildsfees@linden.co.za of 084 512 6613.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

DIE HEUWELS FANTASTIES

OP DIE CHAS EVERITT VERHOOG

25 AUGUSTUS 2018

HOËRSKOOL LINDEN RUGBYVELD

16:00 TOT LAAT

16:00	Hekke open
19:30	Verwelkoming
20:00	"Linden het Talent"
21:00	Die Heuwels Fantasies

R150 VIR VOLWASSENES

R100 VIR KINDERS

VERMAAK VIR DIE HELE GESIN

KOSMARK

KUIERVURE

WILDSFEES
HOËRSKOOL LINDEN

Kaartjies beskikbaar by die skoolkantoor (tydens skoolure) en by die hekke op 25 Augustus

011 888-1433/4 wildsfees@linden.co.za

AGENT SPESIALISTE

LINDEN
COBUS THERON
082 823 1231

EMMERENTIA, GREENSIDE, VICTORY PARK
MATTHEW CARRUTHERS
083 440 4660

Leading Real Estate Companies of the World

CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

www.chaseveritt.co.za

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

ADVERTENSIES

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.